## Les 1 KONINGSKINDERS: DIE WÊRELD SE KONING IS VIR ONS DIE LAM

### 1. <u>Die Here het twee titels</u>

Kom ons lees twee verse uit die Bybel: *“5 Toe sê een van die ouderlinge vir my: “Moenie huil nie. Kyk, die Leeu uit die stam van Juda, die afstammeling van Dawid het die oorwinning behaal .... 6 Toe het ek voor die troon ... ’n Lam sien staan, die Een wat geslag was.”* (Openbaring 5)

’n Titel is iets wat mense jou noem as jy iets belangriks doen. As jy die land regeer, dan noem hulle jou “President”; as jy kinders skoolgee, dan noem hulle jou “Meneer” of “Juffrou”; as jy mense die Woord van die Here leer, dan noem hulle jou “Dominee”. As mense kinders het, hulle liefhet en grootmaak, dan noem ons hulle “Pappa” en “Mamma”.

Dit is wat ’n titel is. Dit is hoe ons iemand noem as hulle iets baie belangriks doen.

Die Woord van die Here gee vir Hom twee titels in hierdie verse wat ons saamgelees het. Kan julle sien wat dit is? Watter twee name word die Here hier genoem omdat Hy belangrike werk doen?

Kom ons luister weer na die verse: *“5 Toe sê een van die ouderlinge vir my: “Moenie huil nie. Kyk, die Leeu uit die stam van Juda, die afstammeling van Dawid het die oorwinning behaal .... 6 Toe het ek voor die troon ... ’n Lam sien staan, die Een wat geslag was.”*

Die eerste titel is – *“die Leeu uit die stam van Juda”*. Die Here word hier die Leeu genoem. Wat is die tweede titel waarmee die Here genoem word? Dit is ook ’n diernaam! Die Here word ook genoem – *“die lam ... wat geslag was.”*

Die Here is die Leeu én die Lam!

### 2. <u>Hoe kan die Here die Leeu en die Lam gelyktydig wees?</u>

Hoe kan dit wees? Hoe kan die Here gelyktydig die Leeu en die Lam wees?

Wat maak leeus? (Gee geleentheid vir reaksie)

Leeus vang ander diere. Leeus eet ander diere op. Leeus sorg dat daar nooit siek of lendelam diere is nie – hulle vang en eet hierdie diere. Hulle is sterk en magtig. Hulle is die konings van die diere. Hulle regeer al die ander diere. As hulle brul of net sommer so bietjie ’n entjie gaan stap, dan is al die diere bang en hardloop hulle verskrik en deurmekaar in die veld rond.

En ’n lam? Wat maak lam? (Gee geleentheid vir reaksie)
’n Lam is ’n baba skapie. Niemand is bang vir ’n lam nie. Almal wil ’n lam liefhê en vashou. Niemand word bang vir ’n lam of hardloop weg van ’n lam nie.

Nou hoe kan die Here gelyktydig ’n Leeu en ’n Lam wees?

Dit werk net soos met ’n groot maanhaarleeu in die wildtuin! As hy opstaan en brul, dan is al die diere van die veld bang en deurmekaar. Hulle weet dadelik hulle is sommer almal in die moeilikheid.

Maar, wat maak die klein leeutjies, (ons noem hulle welpies), as Pa-leeu so brul dat die gras sommer so bewe? Hulle skrik niks nie. Hulle speel en rol rond in die gras en hulle staan op en kyk nuuskierig na al die ander diere wat rondhardloop.

Hoekom? Hoekom skrik hulle nie en is hulle nie bang vir die maanhaarleeu nie? Hull sal nooit vir hom skrik nie – want dit is hulle pa! As hy so hard brul, dan weet hulle hulle is die veiligste kleintjies in die veld. Niemand mag hulle seermaak nie. Hulle weet dadelik dat hulle nou gaan kos kry. Hulle voel rustig en veilig by hierdie Leeu wat al die ander diere bang maak.

Hoekom? Want vir hulle is hy nie die Leeu nie. Vir hulle is Hy die Lam. Het julle al ooit gesien hoe so ’n groot maanhaarleeu rustig lê en toelaat dat die welpies oor hom klim en klouter? Al wat hy doen is om so stil en rustig sy poot op hulle neer te sit of hulle so trots te lek!

Dit is die groot geheim. Die maanhaarleeu is vir al die ander diere die Leeu, maar vir sy eie klein welpies, is hy ’n Lam. Hy sorg dat hulle nooit seerkry nie, dat hulle altyd versorg is.

Dit is hoe die Here gelyktydig die Leeu en die Lam is. Vir al die ongelowige mense is die Here die Leeu. Hulle is bang as die Here met hulle praat en hulle raak sommer verskrik en op hol as die Here Sy stem in die wêreld laat hoor. Maar vir julle en ons almal wat aan die Here behoort, is die Here die Lam. Hy is Leeu en Lam gelyktydig.

Hy is Leeu vir die wêreld, maar die Lam vir die kerk van die Here.

**3. <u>Ons is die welpies van die Leeu</u>**

Julle is gedoop! Toe julle gedoop is, het die dominee gesê: “Ek doop jou in die Naam van die Vader, en die Seun en die Heilige Gees.” Die doop wys ons dat ons aan die Here behoort. Hy het ons gemerk met die doop. Die Here is die Leeu vir wie die hele wêreld bang is. Maar wie is ons? Ons is Sy welpies. Ons is koningskinders van die Here wat die Leeu is, die groot koning van die hele wêreld.

As ons die Woord van die Here hoor, dan laat dit ons rustig en veilig voel. Ons weet dit is die Woord van die Leeu wat ons beskerm en vir ons sorg. Dit is die Woord van die Here wat ons liefhet en ons by Hom hou, sodat ons binne-in Sy liefde kan leef.

**4. <u>Welpies luister anders na die Leeu as al die ander diere van die veld</u>**
'n Leeu brul nooit nie vir sy eie welpies nie. Hy brul net vir ander diere om vir hulle te wys: hierdie is mý wêreld, wat ék regeer! Nou hoe praat 'n leeu met sy welpies? Julle kan maar vir enige veldwagter vra – met sy welpies praat hy só sag dat net hulle dit kan hoor en niemand anders nie. Mense kan nie eers hierdie sagte steun-steun hoor nie. Dit word genoem – subsoniese klank.

Dit is hierdie sagte steun-steun wat maak dat die welpies hoor en weet en voel hulle is koningskinders! Nét hulle hoor die liefde van die Leeu. Vir hulle is hy áltyd die Lam.

Dit maak dat welpies altyd anders leef en luister as die ander diere van die veld. Hulle hoor die sagte steun-steun wat hulle laat weet hulle is koningskinders. Die ander diere hoor net die gebrul wat hulle in vrees laat leef. Hulle luister net om te hoor hoe diep is hulle al weer in die moeilikheid vandag.

Welpies luister hemeltaal anders na die Leeu as al die ander diere -want Hy praat met hulle in die stem van die Lam.

**5. <u>Leef en luister as koningskinders</u>**
Dit is wat ons hierdie jaar saam gaan doen. Ons is die Leeu se welpies! Ons is koningskinders van die Here wat die wêreld regeer. Hy brul vir die wêreld en hulle leef en luister bang na Hom. Hy praat met ons in die stem van die Lam – net ons hoor Sy liefde en daarom leef en luister ons in Sy liefde.

Ons is welpies! Ons leef en luister as koningskinders!

Ons hoor die Here se sagte stem van liefde, terwyl die wêreld Sy woede hoor.

**6. Opdrag**
Gaan gesels met Pa, Ma, Oupa, Ouma of enige grootmens met wie jy kan praat, en vra vir hulle of hulle die groot geheim ken: hoe kan die Here gelyktydig die Leeu en die Lam wees? Dan vertel jy vir hulle van die Here se twee maniere van praat: Hy praat nes 'n maanhaarleeu met ander, maar ons hoor Sy stem van liefde.

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het:

________________________________
Handtekening: ouer of voog